Louise van Zyl <louise@swartlandwestcoastspca.co.za>

# Erica Straat 19 Laingville - Margie van Rooyen epos

1 message

**Louise van Zyl** <louise@swartlandwestcoastspca.co.za> Fri, Sep 19, 2025 at 9:30 AM
To: "Kleynhans, Lindie" <Lindie.Kleynhans@sbm.gov.za>, Law Enforcement <lawenforcement@sbm.gov.za>
Bcc: Jameson October <jameson@swartlandwestcoastspca.co.za>

Beste Lindie, ek hoop dit gaan goed met jou.

Ek is vanoggend deur een van my inspekteurs ingelig dat Margie van Rooyen 'n e-pos aan die munisipaliteit gestuur het rakende nr. 19 Erica Straat in Laingville.

Ek is nie seker waarom sy nie noem dat ons reeds 'n besoek aan die eiendom gebring het nie, maar ons het die eiendom besoek en 'n welsynsondersoek gedoen na aanleiding van die klagte wat ons van mev. van Rooyen ontvang het. Die eienaar van die hond, mnr. Carstens, was teenwoordig. Op die perseel was daar 'n bruin pitbull-wyfie hond met die naam Sadie. Die hond is 'n bietjie ondergewig, wat normaal is aangesien sy onlangs kleintjies gehad het. Mnr. Carstens het vir inspekteur October die kos gewys wat hy aan die hond voer. Inspekteur October het hom verder ingelig oor beter voeding sodat die hond kan begin gewig optel en sal opvolg op die liggaamskondisie. Die hond het toegang tot al die ander nodige welsynsvereistes, insluitend vars water en skuiling, en sy word nie vasgemaak nie.

Ons het ook aangebied om die pitbull te steriliseer, maar die eienaar het dit van die hand gewys. Indien julle die eienaar kan oorreed om haar te steriliseer, kan julle ons laat weet en ons sal dit deur ons laat doen.

Ek wil dus bevestig dat die welsynsondersoek reeds afgehandel is en dat mev. van Rooyen bewus is hiervan, aangesien Inspekteur October aan haar terugvoer gegee het.

As jy verder oor hierdie saak wil gesels of enige verdere inligting benodig, laat weet asseblief vir my.

Beste Groete


DBV SPCA

We speak and care for all animals

**Inspector Louise van Zyl**
**Manager**
**Swartland and West Coast SPCA**
Tel: 022 492 2781 - Swartland Darling
Tel: 022 289 0998 - West Coast Vredenburg
louise@swartlandwestcoastspca.co.za



Your donations help us, help them

**Bank Details**

**Swartland and West Coast SPCA**
**NEDBANK**
**Branch Code: 15460500**
**Account number: 1546055037**

SnapScan
Snap this to pay
SSID0577
getsnapscan.com

**Donate with Snapscan**

You can donate to the Swartland SPCA via SnapScan! Simply visit

www.snapscan.co.za

and download the app to your mobile device and register. Scan the QR code on the right and select an amount to donate.

It's a easy as 1, 2, scan!